

Beautiful pictures

are developed from
negatives in a dark room...

So if you see darkness
in your life , be reassured
that a beautiful picture
is being prepared.

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
GESTUUR

November 2016

Jy is vir die Here só belangrik!

'n Vrou ly twaalf jaar aan bloedvloeiing. Volgens die godsdienstige wette van daardie tyd was sy 'n uitgeworpene en as onrein beskou. In die oë van mense was sy niks en niemand nie. Ons weet mos hoe dit voel om nie belangrik geag te word nie en regtig raakgesien te word nie? Die wêreld om jou is vol belangrike mense met al hul statussimbole en baie "pelle". Die wêreld gee aandag aan die belangrikes. Byvoorbeeld toe die Titanic in 1912 gesink het was die koerant se hoofopskrif dat die miljoenêr John Astor in die tragedie gesterf het. Aan die einde van die hoofberig wat aan hom gewy was word net vermeld dat daar nog 1800 ander ook hul lewe in die ramp verloor het.



Toe hierdie uitgeworpe en onbelangrike persoon Jesus se kleed stilletjies en ongesiens aanraak draai Jesus om en verseker haar dat Hy haar raaksien! Hy gee aandag aan haar. Vir Hom is sy belangrik en nie maar net 'n onreine nie. Jesus behandel haar spesiaal want elke mens is vir Hom spesiaal! Ook jy en ek. Al is ons in ander se oë of ons eie nie so belangrik nie is ons in die Here se oë baie spesiaal.

Hoe jy ookal vandag voel en wat jou nood ookal mag wees, daar is iemand wat regtig omgee en raaksien. Vir Hom maak jy en jou nood regtig saak. Jesus voel so oor elkeen van ons.

Omdat ander, net soos ek vir die Here saak maak wil ek uitreik met Sy omgee-liefde na hulle.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Kom ons wees sensitief vir al die mense rondom ons met nood wat die Here oor ons pad stuur sodat hulle iets mag beleef dat die Here vir hul raaksien en omgee (deur ons).

Daar is soveel geleenthede om vir ander iets te beteken hier in ons eie omgewing veral vir die werkloses. Wat kan ons vir die werkloses doen?

- Gee liefdevolle aandag want onthou hulle is vir Jesus belangrik!
 - Luister na hulle verhaal van nood en seer en verwerping
 - Bid vir hulle of saam met hulle
 - Gee iets te eet (liefs nie geld nie want sommige van hulle het afhanklikheidsprobleme of ly aan skidsofrenie of ander psigiese toestande wat hul onverantwoordelik met geld laat omgaan)
 - Moedig hul liever aan om op 'n Donderdag na Jakob se Put te kom waar ons op gekontroleerde wyse met hul 'n pad loop.
 - Laat weet ons van enige werksgeleentheid (vir Petro by 071 480 1178)
 - Ondersteun die handvaardigheidsprojek deur van jou vaardighede vir werkloses te leer (kontak vir ds Leon v Heerden in hierdie verband)
 - Gee middele bv blikkieskos, seep, tandepaste, deoderant, klere, tweedehandse selfone en leesbrille.
- ☺ Dankie aan almal wat gereeld fondse bydrae sodat ons tasbaar met Jesusliefde 'n verskil kan maak in werloses se lewens!
- ☺ Onthou ons twee maandelikse Handevat-bladjie waarin *almal* wat hul produkte of dienste wil adverteer dit kan doen deur hul kort advertensie te stuur per epos na:
steijnprop@gmail.com
- ☺ Bo alles, onthou hoe kosbaar jy vir die Here is!

ds Leon van Heerden

Sy's al wat ons het

Iewers klink die eggo
Nog 'n skoot uit 'n geweer
Iewers vlug daar diere
En 'n groot boom val neer
Iewers in die verte
Word nog 'n stad gebou
Iewers vaar 'n vragskip
Oor die see se laaste blou

En iewers onder alles
Sug moeder aarde swaar

Sy kyk oor haar skouer
Sy tel nog 'n jaar
Sy dink aan toe sy jonk was
En mooi en sonder pyn
Maar nou is dinge anders
Sy voel die lewe verdwyn

Refrein

Sy vryf haar moë bene
Sy't 'n lang pad geloop
Sy wonder oor haar kinders
Dis haar heel laaste hoop
Sy vou haar hande saam
Soos 'n eensaam gebed
O, wanneer gaan ons leer
Sy's al wat ons het

Moeder aarde draai haar om
Uit die son se ergste brand
En sy droom van digte woude
En haar oë waai vol sand ...
Sy soek na haar kinders
Maar hulle dans nou met musiek
Langs duisend vuil riviere
Langs berge van plastiek

Refrein

Sy vryf haar moë bene
Sy't 'n lang pad geloop
Sy wonder oor haar kinders
Dis haar heel laaste hoop
Sy vou haar hande saam
Soos 'n eensaam gebed
O, wanneer gaan ons leer
Sy's al wat ons het
Sy vou haar hande saam
Soos 'n eensaam gebed
O, wanneer gaan ons leer
Sy's al wat ons het

Woorde en musiek: Nataniël

Uitgewer: Nataniël House of Music

OMGEE-BEDIENING

Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!
Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief: Tommy Rademeyer Tel: 082 372 9803 of e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com



HET JY GEWEET???



As die Rekord elke week afgelewer word, bevat dit gewoonlik 'n groot hoeveelheid advertensies wat skrik vir niks. Al daardie papier verdwyn gewoonlik asblik toe.....


Daardie papier is GELD-werd en kan elke dag in die groot groen houër op die kerk se parkeerterrein gegooi word, saam met enige ander papier.

Op hierdie manier kan papier herwin word en weer gebruik word. So dra ons, ons deeltjie by vir ons omgewing en die kerk baat daarby!

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **6 Nov:** Dankofferdiens
- ♦ **13 Nov:** Nagmaal
- ♦ **20 Nov:** Gesinsdiens
- ♦ **27 Nov:** Kerssangdiens om 18:00

Sien jou daar!



VERTONING: "DIE WAGKAMER"

Deur: Elize Cawood en Wilson Dunster

Dit is 'n uiters goeie toneelstuk oor 'n ouer paartjie wat in die wagkamer sit by die ouetehuis.

Datum: 4 November 2016

Tyd: 18:30 vir 19:00

Plek: NG Kerk Rietfontein-Suid

Ingang is R100 p/p

Kontak Wilhelm by 0833065664 vir verdere navrae

FAMILIE-BEDIENING: Jeugkamp




Jeugkamp
28 Nov - 1 Des 2016

Kom geniet 'n lekker wegbreekgeleentheid!!!
Waar: Oppieberg kampterrein (Rustenburg).
Wat om te verwag? - 'n week van lekker rus, geestelike groei en nuwe vriendskappe.
Sluitingsdatum: 24 Okt 2016
Ons gaan ook een dag **Valley of the Waves** toe by Sun City! 🏆

Kontak Stanwin vir enige navrae by 0795255695

KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.
Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.
Kom maak jou musiek-droom waar!
Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.
Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

Gaan na Jesus toe vir hulp

Verder het elkeen wat in die moeilikheid was, en elkeen wat 'n skuldeiser gehad het, en elkeen wat verbitterd was, by hom aangesluit, en hy het hulle leier geword, Daar was ongeveer vier honderd man by hom - 1 Samuel 22:2

Dawid het in 'n grot gaan skuil toe hy beseft het dat Saul hom wou doodmaak. Al sy broers, familieleden en ander wat in enige soort moeilikheid was, het gehoor dat hy daar is. Dit is waarom hulle gegaan het na waar Dawid was.

Ons moet almal op een of ander tyd na iemand hardloop om hulp te kry. Na wie kan jy vandag gaan as dit nie die Here Jesus is nie? Vir die Ou Testamentiese gelowiges was Dawid 'n soort van skaduwee van Jesus, wat nog moes kom. Mense wat in die moeilikheid was, het na Dawid toe gegaan, want die Messias was nog nie op die toneel nie.

Was jy al ooit in die moeilikheid? Was jy al in die skuld? Was jy al ontevrede of in nood? As jy jou in enige van daardie omstandighede bevind, kan jy na die Here Jesus toe gaan, want Hy is daar vir jou.

Hy sal jou in die skaduwee van sy groot vlerke beskerm en jy sal veilig wees! Gaan na Jesus as jy hulp nodig het - Hy is die hoop van die wêreld en Hy is daar vir jou.

*Vader, ek kom na U vir skuiling teen die probleme van die lewe.
Ek help mense op wat in die moeilikheid is en dan beseft ek nie dat U ook daar staan nie, gereed om hulle te help.
Help my om ander wat probleme het na U toe te lei.
U is altyd daar in tye van nood.
Amen*

*Dodie Osteen
Kies Lewe een dag op 'n keer*